

**13 Maart**

**Skrifgedeelte: Markus 4:1-25 (OAV)**

### **Horende doof en siende blind**

Jesus klim in die skuit om afstand te kry en sodat almal Hom kan sien en kan hoor. Deur in gelykenisse met hulle te praat, kry Hy ook geestelike afstand. Dié afstand moet die hoorders self oorbrug. Nie alleen moet hulle hulle ore spits om Hom te hoor nie, maar ook hulle verstand en hart moet ingespan word om die beelde te verstaan. Hierby sluit die gelykenisse van die saaiër en die lamp aan.

Vir die “genesingshonger” skare is die boodskap: Julle moet luister! Hy stel Homself aan hulle bekend as die Saaier, terwyl hulle Hom wil hê as Geneser. Hy vertel gelykenisse om hulle los te ruk uit hulle selfgesentreerde verwagtinge. Hulle moet verstaan dat die woorde wat hulle hoor vrug moet oplewer. As hulle sy prediking ter harte neem sal hulle vrugte dra.

Die gelykenis oor die lamp (verse 21-25) bevestig dat hulle nie hier is om net te ontvang nie. Sy prediking moet ‘n lig in hulle harte aan die brand steek wat helder moet skyn. Hulle moet self draers van die boodskap van verlossing word.

Jy is begenadig om ‘n verlose te wees in wie se hart die saad van die Woord geplant is. Jy kan hoor met die insig wat net die Gees gee. Wat maak jy met die insig? Dra jy vrugte? Is jy ‘n lig wat helder skyn? Gaan mense vandag in jou lewe sien en hoor dat daar geen afstand tussen jou en die Here is nie? By die Here is daar oorvloed – oorvloed aan sy Woord en oorvloed lig.

*Sing: Psalm 40:3*

*Ds BC Smit (Brits-Wes)*